

13 Mei

Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30

Fokusgedeelte: Romeine 8:26

Die Gees pleit vir die gelowige

Die lewe kan soms so bitter word, die lyding so mateloos en monsteragtig, dat 'n mens nie eens meer weet hoe om te bid nie. Die enorme vraagstukke, die eskalاسie van haat en geweld, van vrees en verwoesting, kan jou gebed in jou keel laat stol.

Dit is die een kant van die saak. Aan die ander kant weet die mens nie in soveel besonderhede weet waarvoor hy vir homself en hierdie wêreld moet bid nie. Ja, hy weet dat hy moet bid vir vrede, vir versoening, vir die koms van God se Koninkryk, ensovoorts. Die konkrete inhoud van sy gebede vir die rou werklikhede van elke dag word tog nie in persklare openbarings aan hom gegee nie. Inderdaad lees ons in Romeine 8:26 dat ons "nie weet ... wat en hoe ons behoort te bid nie". Dit is almal se dilemma. Gelukkig word die vers ingelei met die woorde: "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by ..." Die vers sluit af: "... die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie."

Die gelowige het die Heilige Gees wat sy boodskappe direk na die regte adres neem. Hy weet **Wie** dit hoor, naamlik die Vader; hy weet waar Hy dit gaan ontvang, naamlik in die **hemel**; hy weet hoe lank dit gaan duur voordat Hy dit hoor, naamlik **oombliklik**; hy weet veral, sonder enige twyfel, dat die Vader sy gebede sal verhoor, sal **antwoord**. Dit is geen willekeurige aangeleentheid, 'n mog't-treffe-handeling, 'n roep in die ruimte nie, maar een wat deur die Gees gedra word. Dit is gebede met rigting en trefkrag.

Sing: Psalm 25:3 Ds HJJ Krüger (Lyttelton)